


VOORGROND

Februarie 2008 1/4



ORANIA BEWEGING

Prof. Carel Boshoff
medestigter van Orania

Orania se ontwikkelingskantoor:
Orania groeikrag

Watter muis is reg?

Kultuur en versoening

Gesprek met Marcel Bas

Identiteitspolitiek:
probleem of geleentheid?

**GESONDHEID UIT DIE
BOORD UIT!**



Redakteur:

Lida Strydom

Medewerkers:

Carel(iv) Boshoff
Karin Coetsee
Eleanor Lombard
Prinsloo Potgieter
John Strydom

“In Diepte”- Redakteur:

Jakes Möller

“In Diepte”- Medewerkers:

Marcel Bas
Frans de Klerk

Voorbladfoto:

Groen amandeltros, Orania.
Nikke Strydom

Taalversorging:

Francois de Vos

Posadres:

Posbus 27, Orania, 8752

Om aan te sluit

by die Orania Beweging:

Tel: 086 111 2520

Kantoonommer:

Tel: 053 207 0062

Vonkpos:

inligting@orania.co.za of
oraniabeweging@orania.co.za

Webwerf:

www.orania.co.za

Internetgespreksgroep:

Word deel van die Oraniagesprek:
oraniagesprek-subscribe@yahoo.com

VOORGROND word uitgegee deur die
Orania Beweging en EPOG.

KULTURELE VAKANSIEDAE
IN ORANIA

27 Februarie - Majubadag

6 April - Stigtingsdag

1 Mei - Bittereinderdag

14 Augustus - Taaldag

10 Oktober - Helledag

16 Desember - Gelofte dag

BELANGRIKE

TELEFOONNOMMERS

Inligtingskantoor: 053 207 0062

Orania Dorpskantoor: ... 053 207 0063/4

Orania CVO-skool: 053 207 0177

Volkskool Orania: 053 207 0161

Orania Groeifonds: 053 207 0082

Helpsaamfonds: 053 207 0062

VERBLYF IN ORANIA

1. Afsaal (oornagkamers)
053 207 0199
2. Carpe Diem (gastehuis)
053 207 0000
3. Hayes Tuishuis (oornagwoonstel)
053 2070038
4. Herberg Oranje (gastehuis)
053 207 0070
5. Aan die Oewer-woonwapark (woonwa-
en tentstaanplekke asook chalets)
053 207 0118
6. Boskamp (chalet)
083 388 1433
7. Die Ou Melkplaas
084 491 1947

Voorgrond trek in hierdie uitgawe 'n nuwe jassie aan, aangesien ons dit voortaan in 'n kwartaallikse nuusblad wil ontwikkel. Sodoende sal ons lesers die geleentheid kry om, saam met ons wat reeds op Orania woon, deel te hê aan beplanning, denke en harde werk, maar veral om die droom saam met ons te leef!

Om Inligtingsbeampte vir die Orania Beweging te wees, is vir my 'n opwindende en nuwe ervaring, maar ook 'n nederige leerervaring! Ek is dankbaar vir Eleanor Lombard se bekwame leiding en ek wil haar baie voorspoed en seën toewens in haar nuwe amp as Voorsitter van die Direksie van Radio Orania. Ons wag opgewonde op daardie eerste uitsending!

Stuur asseblief u voorstelle t.o.v. *Voorgrond* aan my en laat weet ook op watter ander maniere ons kan help met inligting.

Om reeds 12 jaar saam met my gesin op Orania te woon is vir my 'n groot voorreg en ek kan aan geen beter plek dink om op hierdie tydstip van die geskiedenis te woon nie. Dit is uiteraard die doel van hierdie publikasie om die idee van Orania te versprei en dus uiteindelik ons getalle te laat groei met mense wat ons ideaal deel. Lees dus voort, dalk is ons binnekort bure!

Ek hoor so graag van u!

Lida Strydom

Redakteur

inligting@orania.co.za

Sel: 073 1660 143



Lida Strydom
Redakteur

Dit is uiteraard die doel van hierdie publikasie om die idee van Orania te versprei

Vlieg na vryheid!

Maak gerus die lang pad korter en vlieg volgende keer na Orania. Die dorp beskik oor een van die beste aanloopbane in die onmiddellike omgewing. Dit is ook beskikbaar vir persone van buite die dorp (op voorwaarde dat hulle vooraf met die dorpsbestuur reël en besef dat dit nie 'n geregistreerde aanloopbaan is nie).

Tydens die wintermaande word die aanloopbaan deur talle jagers gebruik wat in die omgewing kom jag. Selfs 'n straler het al per geleentheid die baan gebruik om 'n oorplantingspasiënt te kom oppik.

Koördinate:

Suid: 29° 48,619 min Lengte: 1200m Breedte: 30m

Oos: 24° 23,755 min Lengte: 1000m Breedte: 36m

Hoogte bo seespieël: 3870vt

Rigting: 02x20

Die oppervlakte is grootliks harde kalk of gruis.

Ander nabygeleë aanloopbane is De Aar en Kimberley

Tref asseblief minstens 24 uur voor gebruik van die aanloopbaan reëlings met Orania se dorpsraad by telefoon 053 2070 063.

Prof. Carel Boshoff

medestigter van Orania

'n persoonlike blik deur Carel Boshoff (iv)



Nadat my pa, volgens sy lank uitgesproke voorneme, op 80 jaar uit alle openbare ampte onttrek het, laat hy hom nog net as “mede-stigter van Orania” beskryf. Waar genoeg, kan 'n mens sê, maar is dit ná alles wat hy gedurende 'n lang en geseënde lewe gedoen het, al waarop hy nog kan aanspraak maak? Is dit nie oorbeskeie nie? Hoe langer ek daarvoor gedink het, hoe duideliker het dit vir my geword dat dit juis 'n goeie beskrywing is - maar dan met die oog netsoveel op die toekoms as op die verlede.

Op 80 is hy

nie 'n ou oom

wat in die

middel van

die oggend op

die agterstoep

sit en wag vir

iemand om

met dieselfde

ou verhaaltjies

uit 'n vervloë

verlede te

verveel nie

'n Voorbeeld vir vele

Daarom is hierdie waardering ook nie net 'n terugskouende huldiging soos mens aan die einde van iemand se lewenspad kan verwag nie, maar op die spanningslyn tussen verlede en toekoms geplaas. Nie omdat ons verwag dat hy nog 80 jaar voor hom het nie, maar omdat 'n diepgesetelde openheid vir wat die toekoms moet bring, 'n lewende hoop en 'n vaste geloof hom juis nou nog kenmerk. Op 80 is hy nie 'n ou oom wat in die middel van die oggend op die agterstoep sit en wag vir iemand om met dieselfde ou verhaaltjies uit 'n vervloë verlede te verveel nie, maar 'n aktiewe en toonaangewende lid van 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur die leuse: “Skep jou toekoms self.”

Om die waarheid te sê, die gemeenskap van Orania sou vandag nie bestaan het as dit nie vir sy leiding was nie. Visioenêre leierskap wat op minstens twee maniere sy wortels diep die verlede ingestoot het, eerstens in die onwrikbare oortuiging dat die Afrikanervolk nie tot

stand gekom het net om nou, in ons hande, tot niet te gaan nie en tweedens in die geloofwaardigheid en selfvertroue wat nodig was om 'n gedagte van ondenkbare omvang in werking te wil stel.

My pa het grootgeword in 'n landstreek waar hulle nog 'n tradisionele bestaan, eintlik 'n soort pre-Boereoorlog bestaan gevoer het. Hulle was die regstreekse nageslag van 'n Voortrekkerfamilie wat in die Waterbergse Bosveld gevestig het en wat tot 'n funksionele, landelike gemeenskap gegroei het. Op plasies wat sedertdien as “ekonomies onlewensvatbaar” gebrandmerk is, het hulle met trekdiere en hand-implamente gewerk en het hulle lewens nie in die teken van moderne skaarste gestaan nie, maar van tradisionele oorfloed. Daarby bedoel ek dat hulle nie deur 'n onversadigbare begeerte na industriële verbruikersgoedere voortgedryf is nie, maar oor genoeg lewensmiddele beskik het om met ander te deel en aan 'n goeie Skepper en 'n beter wêreld te glo.

Brandend vir die Sending

Hulle is uiteraard ook deur die groot droogte en die depressie getref en kon of wou nie die golf van ontwikkeling wat die Afrikaner die moderne wêreld

ingesleur het, weerstaan nie. Inteendeel, hulle was deel van daardie sonderlinge prestasie wat nie net die Afrikaner-elite nie, maar juis die breë Afrikanerbevolking gedurende die twintigste eeu opgehef het - al het dit mettertyd die plaaslike gemeenskapslewe en selfversorging onherstelbaar ondermyn. Vir hom het dit beteken dat hy na matriek (wat nog 'n praktiese vak soos Houtwerk ingesluit het) universiteit toe is om hom professioneel te bekwaam. Daar het hy nie net predikant geword nie, maar ook 'n brandende idealisme vir die verspreiding van die Evangelie vir die sending ontwikkel.

Hy was nog nie dertig nie toe hy die sekuriteit en status van 'n plattelandse pastorie vaarwel toegeroep het om hom tot die sendingveld te wend. Maar hy en sy gesin was ook nie alleen nie, hulle het aan die voorpunt gestaan van 'n nuwe beweging in die Kerk wat daarop sou uitloop dat van die talentvolste jong predikante dieselfde gedoen het en Suid-Afrika se godsdienstige landskap onomkeerbaar ten gunste van die Christendom verander het. Sy verdere loopbaan het in die verlengde hiervan gestaan: hy het vervolgens die swart stedelike gebiede betree en binnekort Sendingsekretaris vir Suid-Transvaal, en daarna Professor in Godsdienstilosoofie en Sendingwetenskap geword.

Getrou aan die saak van die Afrikaner

Dat hierdie sendingywer nie tot uitsluiting van sy lojaliteit aan die Afrikanersaak was nie, blyk duidelik uit sy deurlopende betrokkenheid by

SABRA, die Afrikanerbroederbond, die Voortrekkers, die NG Kerk en baie meer. Hy het nie net in elkeen van hierdie organisasies die hoogste sport bereik nie, hy het ook sonder huiwering

Vandag staan dit as onbetwisbare teken dat Afrikaners hulle nie in onderhorigheid hoef te berus nie, maar hulle eie toekoms kan skep.

sy kritiek uitgespreek en selfs sy bande met die Afrikaner-establishment verbreek toe hulle die koers van vrywillige ondergang ingeslaan het. Eers het hy leiding geneem met die stigting van Die Afrikanervolkswag (1984), 'n konserwatiewe kultuurorganisasie en

later van die Afrikanervryheidstigting (1988), 'n volkstaatdinkskrum, en die Vryheidsfront (1994), om 'n alternatiewe strategie vir die behoud van Afrikanervryheid te ontwikkel.

'n Man met visie


Ten spyte daarvan dat die volkstaatgedagte tot dusver nie die steun geniet het wat dit verdien nie en gevolglik nog nie die hoogtes kon bereik waarop hy gehoop het nie, het prof. Carel Boshoff en sy medewerkers se aankoop van Orania 'n saadjie geplant wat ontkiem het en groei. Vandag staan dit as onbetwisbare teken dat Afrikaners hulle nie in onderhorigheid hoef te berus nie, maar hulle eie toekoms kan skep. Alhoewel hy algemeen as leier van die gedagte beskou word, het hy nooit alleen daaraan gewerk nie en kon hy nie alleen sukses behaal nie. Wat hy help oprig het, staan as 'n kragtige rigtingwyser - nie as bestemming nie. Daarom dat 'n beskrywing soos "medestigter van Orania" so swanger aan verwagting is. Daarom dat sy aangee van die fakkels aan 'n nuwe geslag leiers van geloof en oortuiging spreek. Daarom dat prof Carel Boshoff op 80 'n man van die toekoms en 'n inspirasie vir ons almal is.

Carel Boshoff (iv)

President van die Orania Beweging

Gesondheid uit die boord uit!

Goeie vriende is goud werd:
*dit geld vir oom Willem Botha net soveel
as vir Orania.*



W.C. Botha

Vestig 'n nuwe mode

Oom Willem het na sy skoolloopbaan aan Affies in Pretoria, ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Terselfdertyd het hy 'n slim vriendekring opgebou wat hom lewenslank tot voordeel sou wees. Hy het sy interessante loopbaan van 35 jaar in 2003 by Krygkor afgesluit en Orania toe verhuis. Hier het hy, anders as die heersende pekan-neutmode op Orania, amandels, perskes en vye geplant. Sy besluit is beïnvloed deur een van sy koshuisvriende, dr. V. Wassermann, wat in akademiese landboukringe diep spore getrap het. Die eerste aanplantings is reeds in 2000 gedoen, nog voordat oom Willem permanent na Orania verhuis het.

'n Vriend in nood...

Amandels se grootste probleem is dat hulle vroeg in die lente blom en dus gevoelig is vir laat ryp. Prof. Piet Steyn was 'n vriend wat mikrobioloog geword het en wat op landboutoepassings spesialiseer. Hy eksperimenteer tans met organismes wat op plante se blare gespuit word om hulle weerstand teen koue te verhoog. Die afgelope drie jaar het hy

op o.a. oom Willem se bome proewe gedoen. Tans hang die oes swaar aan oom Willem se nagenoeg 3000 amandelbome. Hy kla (met 'n glimlag op sy gesig) dat hy met sy broek op sy knieë gevang is, maar dat dit 'n lekker soort probleem is!

Oom Willem word deur 5 manne van die Elim arbeidsentrum bygestaan vir die oes van die neut. Elke span van 2 man oes tussen 5 en 8 sakke amandels per dag. Hy vertel trots van die kwaliteit van die Elimmanne.

Ingeligte besluite

Oom Willem is rystoelgebonde nadat hy as jong seun polio opgedoen het. Sy loopbaansuksesse is op sigself besonders. Die tweede deel van sy lewe is egter een waar slim besluite, maar ook ondersteuning van familie en vriende 'n groot rol gespeel het.

Die Bothas se verhuising na Orania volg op baie jare se denke en navorsing van literatuur oor die Afrikaner en sy politiek. Hy was o.a. lid van SABRA en sy denke is deur dié organisasie, asook die gedagtes van dr. G.D. Scholtz beïnvloed. Ten spyte hiervan was die verhuising op hulle ouderdom sekerlik nie maklik nie. Twee persone moet hier eervol vermeld word.

Oom Willem se
landbou vriende
het uiteraard
'n streng
akademiese
invloed op hom
gehad

Gesondheid uit die boord uit! (vervolg)

Die ander helfte

Elana Botha was nie net lewensmaat en moeder nie, maar veral sy regterhand waar oom Willem se bene nie kon byhou nie. Een van haar belangrikste rolle was egter haar “groen” rol. Oom Willem se landbouvriende het uiteraard 'n streng akademiese invloed op hom gehad, maar tannie Elana het 'n volgehoue groen aanslag geloods en saam met prof. Piet Steyn het hulle hom gaandeweg oortuig om groot hoeveelhede gekomposteerde hoendermis as bemesting te gebruik. Ook insekbeheer word biologies gedoen en “Medics” (*Medicago parabingo*) word tussen bome geplant as stikstofbinder.

Die appel val nie ver van die boom nie

Oom Willem se seun en vennoot het ook gaandeweg meer aktief betrokke geraak in beide die landbou en Orania as politieke oplossing, en pendel gereeld oor groot afstande om op die plaas te kom werk.

Met kundige vriende, 'n ondersteunende vrou en seun, en hulp van Elim en ander Orania infrastrukture, het oom Willem een van die eerste landbousuksesse op Orania gevestig.

John Strydom



Amandels word van nette af opgetel nadat dit met 'n stok afgeslaan is.

'n Eie Oraniavlag met 'n pragtige simboliek



Die Oraniavlag is in 2005 ontwerp deur Christiaan van Zyl en wapper sedertdien trots oor hierdie unieke dorp.

Die ontwerp het 'n “moderne” of “eietydse” aanslag wat effe breek met die tradisionele vlagtipe wat meestal net uit kleurbane bestaan.

Die kleure verwys na ons herkoms en geskiedenis. Eerstens op die Nederlandse Prinsevlag (1570), dan die vlag van die Oranje Vrijstaat (1854) en uiteindelik op die vlag van die Republiek van Suid-Afrika (1927/1961). Die kleure is egter in 'n omgekeerde volgorde van blou, wit en oranje. Dit simboliseer 'n nuwe begin, 'n herevaluering van ons (volk se) huidige situasie.

Die verhouding van die vlag is 1:1½. Die eerste derde vertikale “baan” is blou en die oorblywende vierkant is oranje. Die wit motief is oorvleuelend op die las tussen die twee kleure geplaaas.

Die blou simboliseer die hemel, geloof en toewyding, (ook onskuld, waarheid, standvastigheid, geregtigheid en liefdadigheid). Wit simboliseer reinheid, vrede.

Oranje simboliseer vryheid, energie (ook aanbidding, beskerming en eer). Oranje is die simboliese kleur van Orania.

Die motief: die kleine reus - die seuntjie wat sy moue oprol, is welbekend en simboliseer ons strewe na vryheid deur selfwerksaamheid. Dit is tans een van ons sterkste en mees unieke simbole.

In die geheel beteken die vlag dan: Standvastig in die geloof gee ons deur vreedsame selfwerksaamheid, ons eerste tree na vryheid.

Watter muis is reg?

Stel jousef 'n karton voor met 10 muise in. 'n Kat kom aangestap en spring in die karton in. Elkeen van die 10 muise reageer op 'n besondere manier: een probeer die kat skrikmaak, 'n ander bly stil in 'n hoek lê en onsigbaar lyk, nog een probeer deur die karton kou en een probeer bo uitspring. Een kordaat kêrel probeer met die kat onderhandel, terwyl 'n ander die kat, soos 'n muishond, met sy reuk afskerik!



Prinsloo Potgieter, die man aan stuur van sake by Groeikrag.

Prinsloo Potgieter is in 1940 in die distrik Gobabis gebore. Na matriek kwalifiseer hy as onderwyser en raak later betrokke in besigheid, o.a. as hoofbestuurder van die Rehoboth Beleggings- en Ontwikkelingskorporasie, en later van die Koster Koöperasie. Na 'n suksesvolle loopbaan vervul hy 'n lewensideaal toe hy in 1995 sy eie boerdery in die Winburg-gebied begin het.

Politieke bewussyn gebore

Reeds aan die PUK raak hy politiekbewus, veral t.o.v. Afrikaner-Nasionalisme, maar raak weens werksdruk nie aktief betrokke nie. Op die plaas het hy egter tyd om te dink en hunker hy na "mense soos hy" t.o.v. die politiek. Sy wyse vrou stel in 1998 voor dat hulle na Orania kom kyk en een jaar later verhuis hulle hierheen. Sy plan was om hier te kom aftree en deeltyds as politieke helper aktief te wees.

Sy wyse vrou stel in 1998 voor dat hulle na Orania kom kyk, en een jaar later verhuis hulle hierheen.

beindruk. My indrukke was dat hy sy hele lewe lank voorberei het om die Orania-gedagte te help verfyn en aktief uit te bou. Waar ander 'n laaste jagtog of reis sou onderneem, werk hy aan onderhandelinge met die regering, waar sy tydgenote stranderwe koop en uitspan, is hy 6uur soggens met die nuutste tegnologie besig om belangstellendes raad te gee t.o.v. besighede of eiendom in Orania. As die "Boeing oorkom", is hy besig met volstruisboerdery om te bewys dat klein gemeenskappe self kapitaal kan vorm.

Tussenin redeneer hy met die beste intellekte in die land oor konsepte soos lokalisme, nismarkwetgewing vir klein gemeenskappe en die Mondragon-konsep.

Sy passie? Gemeenskapsekonomie of "die ekonomie van liefde", aldus Carel Boshoff (iv), selfvoorsienende en onafhanklikheid (in 'n ekonomiese sin) en om kapitaal buite Orania te help verdien.

Geesdriftig aktief

Ek het met "oom Pottie" dieper kennis gemaak toe hy in 2007 gedwing was om baie groot besluite te neem rondom ernstige siekte. Die onkonvensionele, heelhartige en selfs entoesiastiese manier waarop hy hierdie onbeplande pad geloop het, het my diep

Die muise?

Die muis wat uiteindelik oorleef, is die slimste. Ek dink dat Prinsloo Potgieter baie jare van nou af beskou sal word as een van die slim muise, al piep hy nie die hardste nie!

John Strydrom

Orania Groeikrag

Wie is Groeikrag?

Orania Groeikrag (Groeikrag) het in Augustus 2004 tot stand gekom op inisiatief van Orania Bestuursdienste (OBD), wat van oordeel was dat daar meer toegespitste aandag gegee moes word aan Orania se ekonomiese ontwikkeling. Groeikrag bestaan uit verteenwoordigers van instellings op Orania wat in die breë gemoeid is met fisiese ontwikkeling op Orania, naamlik OBD, Vluytjeskraal Aandeleblok Beperk (VAB), Orania Groei- en Grondfonds, Orania Beweging, Orania Spaar en Krediet Koöperatief Beperk (OSK), Kambro Landskap Koöperasie, Orania se Sakekamer, Groeikrag se uitvoerende beampte en die dorpsbestuurder (ampshalwe). Hierdie hele groep persone dien as die bestuur van Groeikrag ooreenkomstig 'n Reglement van Orde wat tydens die eerste vergadering goedgekeur is. Groeikrag word befonds met maandelikse donasies van sy lede-instellings.

Fisiese ontwikkeling van 'n Afrikanervolkstaat

Groeikrag beywer hom vir die fisiese ontwikkeling van 'n Afrikanervolkstaat in die Noord-Kaap en van Orania in die besonder. Daar is reg aan die begin besluit dat Groeikrag nie self enige besigheid sal onderneem of bedryf nie, maar sy breë doelwit onder andere sal bevorder deur nuwe sakemoontlikhede op Orania te ondersoek en inligting daaroor beskikbaar te stel, deur bestaande ondernemings op Orania wat daarvoor vra, met advies by te staan, deur die vestiging van nuwe projekte te fasiliteer, deur toerisme-ontwikkeling te bevorder en in die algemeen noue samewerking met alle instellings op Orania te handhaaf.

In die nastrewing van sy doelwitte het Groeikrag onder andere al aandag aan die volgende sake gegee:

- tegniese opleiding
- baberboerdery
- volstruisboerdery
- die uitvoer van rooibosstee
- vervaardiging van biodiesel
- 'n "aktekantoor" vir Orania
- uitbreiding van grondgebied
- 'n landboukollege vir Orania
- werkersbehuising
- eie kragvoorsiening
- 'n landbouvereniging vir Orania
- bedryfsregte (franchises)
- voetslaanpaaie
- ontwikkeling van die vliegveld
- gradering van gastehuse
- herwinningsbank
- hantering van talle navrae oor werkgeleenthede, besigheidsmoontlikhede, eiendomme en ander sake, telefonies, per internet en persoonlik.

Groeikrag kan help

Gedurende 2007 is gefokus op drie groot doelwitte, naamlik die bevordering van 'n volstruisbedryf in en rondom Orania, die bevordering van toerisme na Orania en die uitbreiding van Orania se grondgebied. Daar is egter ook aandag gegee aan daaglikse navrae en ontwikkelingsbehoefte. By die oorweging van doelwitte vir 2008 en verder, is daarop gelet dat die drie fokusdoelwitte van 2007 nog nie naastenby bereik is nie en dus steeds doelwitte moet bly. Verder is daarop gewys dat sekere bedrywe in Orania sukkel om die mas op te kom en dat Groeikrag kan poog om behulpsaam te wees met die suksesvolle ontwikkeling van sulke bedrywe. Groeikrag sal egter eers 'n audit moet doen van Orania se hele ekonomiese omgewing, ten einde die knelpunte te identifiseer.

Groei is goeie nuus

Die bestuur van Groeikrag het alle rede om optimisties te bly omtrent Orania se ekonomiese ontwikkelingsvooruitsigte, veral nadat onlangs beraam is dat die jaarlikse bruto ontvangste van Orania se besighede en individue die R70 miljoen merk oorskry.

Steeds meer Afrikaners wend hulle tot Orania vir verblyf en 'n heenkome, sodat volhoubare organiese groei deurentyd gehandhaaf word, al word daar nie enkele groot en skouspelagtige ontwikkelinge geloods nie.

Prinsloo Potgieter

Uitvoerende Beampte:

Orania Groeikrag

groeikrag@orania.co.za

Tel. 053 2070057



Die afvaardiging wat die aansoek vir 'n uitsaailisensie vir Radio Orania aan Okosa voorgelê het.

Ons het hom!

"Ons het hom! Ons het hom!" was die opgewonde reaksie van Oraniërs in Desember verlede jaar op die nuus dat 'n uitsaailisensie aan die gemeenskap van Orania toegestaan is. Dit was 'n lang pad wat die toekenning van die lisensie voorafgegaan het.

Steun uit die gemeenskap

Nadat die eerste poging van 'n groep ondernemende inwoners om 'n uitsaailisensie vir Orania te bekom aan die einde van 2004 skipbreuk gely het, het die Oraniërs nie moed opgegee nie. Op 6 Februarie 2006 is daar tydens 'n gemeenskapsvergadering in Kleingeluk besluit om 'n artikel 21-maatskappy te stig wat by OKOSA aansoek sal doen om 'n uitsaailisensie vir die gemeenskap. So het Orania Uitsaaidienste tot stand gekom en is die lang proses begin om 'n aansoek vir 'n uitsaailisensie voor te berei. Ongelooflik baie navorsing en voorbereiding word vir so 'n aansoek verlang. Onder andere moet die behoefte aan 'n gemeenskapsradiostasie en steun uit die gemeenskap daarvoor bewys word. Dankie aan almal wat hiermee gehelp het - al was dit net om die versoekskrif te onderteken. Daarsonder sou ons nie sukses kon behaal nie.

Uiteindelik is die dokument van meer as 200 bladsye voltooi (waarvan 26 kopieë aan OKOSA verskaf moes word!) en is dit 'n paar dae voor die sluitingsdatum van 31 Oktober 2006 in

Johannesburg ingedien saam met 'n tjek van R3 000 as aansoekfooi. Toe volg die lang wag...

Geen besware nie!

'n Kennisgewing van die aansoek is in die Staatskoerant gepubliseer om die publiek die geleentheid te gee om kommentaar daarop te lewer. Die eerste stukkie positiewe nuus was dat daar geen beswaar teen die aansoek ingedien is nie. In Augustus is 'n openbare verhoor deur OKOSA in Kimberley belê waartydens kommissaris van die raad die aansoeker kon uitvra oor die aansoek. Die verhoor het in 'n positiewe gees plaasgevind en dit wou-wou lyk asof ons suksesvol sou wees met die aansoek. Verdere inligting is aangevra en weer moes dokumentasie voorberei word. Op 3 Desember is die langverwagte telefoonoproep ontvang. OKOSA het die aansoek goedgekeur en 'n vierjaarlinge lisensie aan Radio Orania toegestaan.

Die lisensie is geldig vanaf 1 Desember 2007 tot 30 November 2011, waarna weer aansoek gedoen kan word vir verlenging van die lisensie. Radio Orania sal op 95.5 MHz uitsaai.

Ons het hom! (vervolg)

Nou lê 'n opwindende uitdaging vir Oraniërs voor. Maar ook harde werk. Volgens OKOSA se bepalings het Radio Orania ses maande tyd om met uitsendings te begin. Die moontlikheid van 'n internet-uitsaaidiens vanuit Orania word ook ondersoek.

Steek die hand diep in die sak

Fondse moet nou ingesamel word om die beste moontlike toerusting aan te koop omdat ons graag 'n radiostasie wil vestig wat spreek van uitnemendheid en waarop die hele gemeenskap trots kan wees. Daarna moet die radio-ateljee ingerig word. Orania Uitsaaidienste het toestemming gekry om die ateljee voor in die ou hospitaalggebou in te rig. Die perseel leen hom tot 'n doelmatige en toeganklike ateljee. Verder moet omroepers en personeel opgelei word. Die strewe is om aan soveel moontlike inwoners die geleentheid te bied om aktief by die radio betrokke te raak. Dit is mos immers 'n gemeenskapsradiodienste. Orania is ook in die bevoorregte posisie dat daar

'n groot verskeidenheid kundiges en mense met interessante belangstellings binne die gemeenskap is. Hulle sal beslis nadergeroep word.

'n Selfstandige gemeenskap neem self verantwoordelikheid

Die toekenning van die radiolisensie was 'n belangrike stap in die versterking en uitbouing van Orania se selfstandigheid. Orania as selfstandige Afrikanergemeenskap beskik reeds oor sy eie bankinstelling, geldeenheid, plaaslike bestuur en simbole. As gemeenskap wat reeds die verantwoordelikheid vir sy eie ontwikkeling geneem het, sal 'n eie radiostasie 'n belangrike bemaatigingsinstrument vir die gemeenskap wees.

Ons sien al uit daarna om vir die eerste keer te hoor: "U luister na Radio Orania...!"

Eleanor Lombard

Voorsitter Radio Orania

Vakansiepret langs die Oranje

'n Vakansieprogram vir 'n klein dorpje in die dorre Karoo? Dit word reeds drie jaar lank baie suksesvol op Orania aangebied!

'n Unieke vakansiebestemming

Orania het ál meer 'n vakansiebestemming vir ons mense van buite begin word en die gevoel het ontstaan dat ons iets meer vir hulle moes bied: 'n unieke vakansie-ervaring wat hulle nêrens elders sou kry nie, plus die geleentheid vir lede van die Orania Beweging om teen afslag hier te kom vakansie hou. Frans de Klerk het die idee van 'n Desember vakansieprogram by die Oewerpark reeds in 2005 voorgestel.

Die beplanning het begin en uiteindelik is 'n stampvol program vir die laaste twee weke van



Desember opgestel. Dit het afgeskop met die jaarlikse Kaalvoetkonsert, bekend as een van die hoogtepunte op Orania se kalender. Die gehoor is weereens nie teleurgestel nie. 'n Meestersgraadstudent in antropologie het die konsert selfs twee maal bygewoon omdat sy soveel inligting vir haar

studie daaruit gekry het. Die saal het gebewe soos die gehoor gelag het, maar hier en daar moes mense ook 'n traan wegvee...

Geloftefees soos dit hoort

Die Geloftefees op Orania is 'n instelling wat deur baie van Orania se ondersteuners bygewoon word. Al hoe meer Afrikaners wat nie meer welkom voel by ander feeste nie, sorg dat hulle op 16 Desember op Orania is en deel het aan 'n volkseie fees waar baie mense in pragtige tradisionele drag opdaag. Prof. Willem Boshoff het die diens gelei, terwyl Francois Slabber verantwoordelik was vir die feesrede.

Kinderpret, verskeie kompetisies vir oud en jonk, verfbalgevegte, waterkaskenades, fietstoere, die gewilde binnebande op die rivier en selfs bootritte

en waterski is deurlopend tydens die vakansieprogram aangebied. Die aande is gevul met kunsvlvertonings, Kersliedere om die kampvuur en 'n interessante praatjie en skyfievertoning oor ons dorp se rotsgravures. Roelien de Klerk se juweelkursus was die begin van 'n verskeidenheid ander kreatiewe kursusse wat gevolg het. Oud en jonk het saam allerhande mooi goed geskep, waarvan baie later as selfgemaakte Kersgeskenke gegee kon word, 'n kosbare geskenk!

Die terugvoer van vakansiegangers sedert Desember 2005 het ons oortuig dat ons op die regte pad is. Terwyl die ou gunsteling weer hul regmatige plek ingeneem het, het 'n paar nuwe items soos spanpret, komleer-koeksisters-bak en nuwe handwerk kursusse bygekam.

Kuiers onder die sterre

Die Wag-'n-bietjiebosskerm was egter die belangrikste en gewildste toevoeging. Heerlike aande met potjiekos- of braaivleiseset het gesellige kuiers onder die sterre geword. Op Kersdag het die betowerende blokfluitspel van Dick Putter vir 'n besondere atmosfeer gesorg terwyl die 32 gaste 'n vyfgangmaal in die buitelig kon geniet.

Dit was 'n wonderlike vakansieseisoen en verskeie mense het op aandrang van hulle kinders reeds weer vir die volgende Desember bespreek.

Die program vir 2007 is met groot sorg beplan. 'n Motorfietssaamtrek is gereël sodat vakansiegangers met vierwielmotorfiets 'n pretdag op Orania se eie baan kon hê. Dokumentêre filmvertonings, 'n ma- en dogterontby met 'n gasspreker, die immer gewilde perderitte en 'n kunsmark is nuwe toevoegings. Priscilla Talbot se konsert was 'n hoogtepunt, terwyl die sanger Janus, met sy pragtige stem en mooi musiek vir 'n baie besondere Oujaarsdans gesorg het. Die Oewerpark se vlot was nog 'n hoogtepunt en gaste was dit eens dat dit 'n verrykende, luilekker ervaring is om so 'n vaart op ons mooi rivier mee te maak.

Werkvakansies vir studente

Met die toename in vakansiegangergetalle het die inisiatief van James Kemp hierdie Desember tot ons redding gekom. Hy het "werkvakansies" vir studente voorgestel. Gratis kampeerplek is vir die tyd aangebied in ruil vir hulle hulp met die vakansieprogram. Hy het die daad by die woord gevoeg en dadelik geadverteer. Met die aanvang van die vakansieseisoen het James en nog twee manstudente kom aanmeld vir diens en regtig méér as net hul slaapplek verdien! Die Oewerpark is hulle baie dank verskuldig en hoop dat dit 'n instelling sal word wat na beide kante toe voordelig sal wees.

Desember 2007 het die meeste vakansiegangers tot dusver opgelewer. Behoeftes verander egter gedurig en wat die program vir 2008 betref, sal ons weer nuut moet gaan kyk na ons aanbieding vir die jaar sodat 'n vakansie op Orania altyd die beste keuse vir elke Orania-ondersteuner sal bly.

Karin Coetsee

Mede-eienaar Oewerpark
Tel. 053 2070 118

Dit was 'n wonderlike vakansieseisoen en verskeie mense het op aandrang van hulle kinders reeds weer vir die volgende Desember bespreek.

Kultuur en versoening

Dit is in die mode vir sommige Afrikaners om hulle identiteit as oorbodig, lastig en selfs as 'n hindernis tot versoening en vreedsame naasbestaan te beskou. In 'n poging om te ontsnap aan die "parogiale" Afrikaner-identiteit sal hulle dan eerder hulself beskryf as Afrikaanssprekendes, Suid-Afrikaners, Afrikane of Christene. Weens 'n kollektiewe skuldgevoel het baie Afrikaners begin glo dat ons kultuur geen waarde het nie en gedoem is om te verdwyn. Sommige beskou dit selfs as ons verdiende loon. Volgens hierdie beskouing het Afrikaners wesenlik niks om aan die wêreld te bied nie, maar kan ons natuurlik veel van Afrika (ubuntu) en die wêreld leer om ons eng denke te verruim.

Hierdie verskynsel is glad nie nuut onder die son nie. Volgens Hannah Arendt, Joodse politieke teoretikus, is dit 'n kenmerk van geasimileerde Jode dat hulle nie kan onderskei tussen vriend en vyand nie, tussen komplimente en beledigings nie, en dat hulle erg geveel voel wanneer 'n anti-Semiet hulle gerusstel dat hulle darem nie soos die ander Jode is nie.

Volgens hierdie model is die vermyding van konflik (oftewel versoening) die hoogste doel in die lewe. Konflik moet dus ten alle koste vermy word, selfs al moet jy toestem tot eensydige kompromieë of jouself vernietig in die proses.

Arendt stem nie hiermee saam nie. Wanneer jy as 'n Jood bedreig word, sê sy, moet jy jouself verdedig as 'n Jood. Nie as 'n Duitser nie, nie as 'n wêreldbürger nie, nie as 'n handhawer van menseregte nie, maar as 'n Jood. 'n Persoon wat as 'n Jood bedreig word kan hom-/haarself nie as 'n Engelsman of 'n Fransman verdedig nie. Indien jy dit wel probeer, is die enigste afleiding wat gemaak kan word dat jy jouself nie kan verdedig nie.

Ek is van mening dat ware en duursame versoening slegs moontlik is wanneer geregtigheid geskied. Dit is dus nie die vermyding van konflik wat voorkeur moet geniet nie, maar wel die bevordering van geregtigheid, selfs al sou dit beteken dat onreg bestry moet word. Voorbeelde van onreg is legio: Plaasmoorde, regstellende



Dr. Jakes Möller
Redakteur In Diepte

Ek is van mening dat ware en duursame versoening slegs moontlik is wanneer geregtigheid geskied

aksie wat so toegepas word dat dit tot nuwe ongelykhede lei, die skynbaar verlore stryd wat Afrikaanse universiteite teen verengelsing het.

Orania het gekies om 'n lang en moeisame pad te loop. 'n Pad wat nie noodwendig konflik vermy nie, maar wat onses insiens reg laat geskied aan al die inwoners van Suid-Afrika. Dit is daarom ons wens om Afrikaners oor te haal om selfstandigheid na te streef.

In hierdie uitgawe voer *Voorgrond* 'n onderhoud met Marcel Bas. Bas is 'n Nederlandse taal- en kultuuraktivis met 'n spesiale belangstelling in Suid-Afrika en Afrikaners en het opgetree as 'n spreker by die onlangse identiteitskonferensie in Orania. Verder bied Frans de Klerk, Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging, 'n oorsig oor identiteitspolitiek na aanleiding van die afgelope konferensie.

Jakes Möller
Redakteur In Diepte

Marcel Bas

Die Nederlander, Marcel Bas, het 'n jarelange belangstelling en verbintenis met Afrikaans en Afrikaners. Verder is hy ook 'n Nederlandse en Afrikaanse taal- en kultuuraktivis wat vanuit hierdie gemeenskappe 'n weerwoord op die globalisme wil bied. Na 'n ontmoeting met verteenwoordigers van Orania is hy uitgenooi om as spreker by die konferensie oor identiteitspolitiek in Orania op te tree.



Vertel ons kortliks wat jy doen, waar jy woon en waarvandaan jou belangstelling in Suid-Afrika, Afrikaners en Afrikaans kom.

Ek woon sedert my kinderjare in die mooi Suid-Hollandse dorp Voorschoten. Sedert 1998 werk ek as 'n voorligter en daarna as 'n fasiliteêre koördineerder by 'n groot onderwysentrum in Leiden. Daarnaas studeer ek Taalkunde by die Universiteit van Leiden en verrig ek vertaal- en redigeerwerkzaamhede.

My belangstelling vir Afrikaans het begin toe ek agtien jaar oud was. Ek het lankal belanggestel in oorsese afstammeling van die Nederlandse volk en toe ek Afrikaans op die radio gehoor het, was ek betowerd. Al wat ek wou doen was om meer te wete te kom oor hierdie taal, sy mense en hulle kultuur. Nederland was egter baie afkeurend ten opsigte van Suid-Afrika. In die negentigerjare kom ek egter agter dat Nederlanders baie eensydige inligting oor die land gekry het en dat daar geen spesiale belangstelling in Afrikaans en sy kultuur was nie. Dit het ek baie vreemd gevind: ons is julle broedervolk, maar al wat ek gevind het was die negatiewe propaganda en daardie ongeïnteresseerdheid in julle taal en 'n ontkenning van ons besonderse eenheidsband. En andersyds was daar hierdie fanatisme waarmee mense in Nederland hulle liberale politieke ideale

op Suid-Afrika wou projekteer. Dit het my nog meer vasberade gemaak om uit te vind wie die Afrikaner en sy taal is, sonder om deur die algemene mening vertel te word wat ek oor die Afrikaner en sy land mag dink en te wete mag kom.

Waarom het jy Die Roepstem tot stand gebring?

Ek het die webwerf in 1999 begin, aanvanklik net om teenkating te bied teen die gebrekkige belangstelling in Nederland t.o.v. die afskaling van Afrikaans in Suid-Afrika. Nederlanders het mos geglo dat Suid-Afrika 'n regverdige land was en dat alles sou regkom as daar vryheid van spraak en demokrasie is. Ek wou wys dat daar egter ook 'n verbete kulturele stryd vol van vergeldingsdrang en diskriminasie besig was om in Suid-Afrika te ontvou, en dit vereis spesiale kulturele betrokkenheid en besorgdheid vanuit Nederland en Vlaandere. Later het Die Roepstem ook die Nederlands-Vlaamse-Suid-Afrikaanse eenheid benadruk en het ek artikels oor nasionale en plaaslike identiteit en trots geskryf. Verder het ek Afrikaans-Nederlandse woordelyste saamgestel, artikels oor Nederland binne Europa geskryf en artikels oor Europa as beskawing. Verskeie outeurs het aangesluit met hul eie sienings en kennis, soos oor die Lae Lande, oor kultuurgeskiedenis en oor die Boere in Argentinië.

Wat is die huidige stand van identiteitspolitiek in die Lae Lande en ook groter Europa? Behaal partye wat hulle besig hou met identiteitspolitiek (ek dink bv. aan Leefbaar Rotterdam, Partij voor de Vrijheid en (voorheen) Lijst Pim Fortuyn) sukses?

Nee, dié partye se huidige stand is sleg, en self bereik hulle maar min (behalwe vir *Leefbaar Rotterdam* in die stadsraad van Rotterdam). Maar laat my eerstens sê: ek glo nie dat partypolitiek of demokrasie die regte metodes en meganismes is om 'n krisis te keer wat deur die einste metodes en meganismes ontstaan het nie. Nee, identitêre partye stort na 'n paar jare gewoonlik in duie. Identitêre politieke partye kry die wind van voor in Nederland, omdat hulle 'n gevaar vorm vir die bestaande, gevestigde politieke partye se gedagtegang. Hulle bevind hulself gewoonlik onder hoë druk, soos die Centrumpartij, Centrumdemocraten, Lijst Pim Fortuyn en Nieuw Rechts. Dié partye maak daarnaas gebruik van 'n onaantreklike en simplistiese populisme waardeur hulle aan hulself die rol van die enkeling teen die res toeken. Hierdie taktiek slaag aanvanklik daarin om 'n groeiende aantal kiesers te werf. Dit jaag dan die gevestigde partye groot skrik op die lyf. Maar populisme is nie bevorderlik vir 'n indringende benadering tot probleme en beleid nie en dit fnuik hierdie partye se geloofwaardigheid (soos by die Partij voor de Vrijheid van Geert Wilders). 'Underdog'-partye trek baie kiesers, maar hulle versamel ook politieke opportuniste en onbetroubare enkelinge sonder visie (Lijst Pim Fortuyn, Nieuw Rechts), wat moeilik kan saamwerk binne 'n partyeraamwerk. Hulle raak verblind deur hul eie gewildheid, neig om hulself te oorskat en word gekenmerk deur oorhaastigheid en drang tot aksie binne hul eie geleedere. Daarom

dink ek nie dat partikrasie die regte manier is om iets in Europa te verander nie. Die gevestigde partye neem egter heelwat van hierdie standpunte oor, waardeur identiteitspolitiek darem wel binne liberale raamwerke uitgevoer kan word. Vandag se liberale en christelike partye lyk heelwat trotser op die Nederlandse identiteit as gedurende die negentigerjare. Dieselfde het gebeur in die res van Wes-Europa. In Frankryk het die Gaulliste van Sarkozy baie patriotiese,

Identiteits-
bewussyn by
inheemse
Nederlanders
word as
verdag
beskou

anti-islamitiese en anti-Amerikaanse standpunte oorgeneem van enkelinge of nasionalistiese partye soos die *Front National*, Philippe Séguin en Philippe de Villiers. 'n Mens kan sê dat identiteitspolitiek 'n goeie hupstoot gekry het, danksy die alledaagse werklikheid (immigrasie, identiteitskrisis) wat op die ou end nie meer ontken of geïgnoreer kon word nie. Die identiteitspartye het dit nie reggekry nie, maar wel die liberale partye wat hulle standpunte oorgeneem het. Dit is op sigself nie negatief nie, maar wel heeltemal roemloos vir dié mense wat binne die identiteitspartye alreeds in die tagtigs en die negentigs gepoog het om die krisis te beredder.

Watter probleme ervaar Nederlanders wat 'n eie identiteit bevorder in hul eie geleedere?

Dit hang af. Daar is teenkating en uitsluiting, tensy jy dit binne die raamwerk van 'n liberale party probeer bevorder. Nederlanders is geen kulturele of moedige volk nie; ons is handelaars. Ons sal self sien hoe lank ons dit kan volhou. Identiteitsbewussyn by inheemse Nederlanders word as verdag beskou en daarnaas glo Nederlanders dat dit gevaarlik is omdat die Tweede Wêreldoorlog en die Holocaust ons gewys het wat identiteitstrots by die meerderheid van 'n volk kan doen. Sulke wanpersepsies bestaan nog steeds. Identitêre groepe is baie klein en het min invloed. Mense is meestal bang vir hulle eie toekomstige werksgeleenthede en geloofwaardigheid. Buiteparlementêre identiteitsgroepe word nie ernstig opgeneem nie, of gestigmatiseer as rassisties en fascisties, sodat sulke partye onder baie druk verkeer. Grondwetlik gesien is daar volkome vryheid vir sulke groepe om te sê en te skryf wat hulle wil, maar die praktyk is anders. Eerstens is daar die gevaar dat aktiewe lede tot ver in die toekoms gestigmatiseer word deur die gevestigde orde, tweedens is daar die gevaar dat anarchistiese en selfverklarde antifascistiese groepe op 'n gewelddadige wyse, wat hulle beskou as verregse byeenkomste, versteur en lasterlike dinge oor dié organisasies en individue skryf, en derdens is daar die binnelandse intelligensiediens wat dergelike groepe infiltrêre en lede manipuleer. Ek ken twee mense wat sedert die Negentigerjare nog steeds ly onder 'n beroepsverbod omdat hulle party – die Centrumpartij wat in die tagtiger- en negentigerjare in die parlement verteenwoordig was – suksesvol was. Daar was in die tagtigerjare selfs

op hulle toerbus geskiet toe hulle op 'n verkiesings-toer gegaan het. Hulle het die kastaiings uit die vuur gekrap, maar hulle was te vroeg gebore. Mense wat egter ná Pim Fortuyn na vore getree het, het opmerklik minder teenstand ondervind as die mense wat vooraf aktief was. Pim Fortuyn was immers 'n Marxistiese student en 'n lid van die aanneemlike, oorspronklik links-liberale netwerk, “De Linkse Kerk”, soos hyself later na hierdie netwerk verwys het. Vandag sê Geert Wilders van die Partij voor de Vrijheid, gewese minister Rita Verdonk (vandag van die beweging Trots op Nederland) en die mense van Leefbaar Rotterdam, dieselfde “verregse” dinge as die Centruumpartij, maar hulle word nie vervolgt nie. Die tye het gelukkig verander, maar net vir liberale mense.

Waarom het Nederlanders teen die aanvaarding van die Europese grondwet gestem? Wat is jou mening oor die toetrede van Turkye tot die Europese Unie?

Ek dink die Nederlanders was keelvol dat hulle vir meer as veertig jaar geïgnoreer was in die besprekings oor die toekoms van die Europese Unie. Die uitbreiding en verdere verstaatliking van Europa was nooit 'n tema tydens verkiesings nie, en intussen het die neoliberale elite voortgegaan met hul ingrypende besluite. Ek onthou hoe geïrriteerd en verbaas ek hieroor in die tagtiger- en negentigerjare was. Die referendum oor die Europese grondwet was die heel eerste geleentheid wat die burgers

Ek dink die Nederlanders was keelvol dat hulle vir meer as veertig jaar geïgnoreer was

gehad het om hulle stem te laat hoor en iets te verander aan die voortsnellende, oënskynlik onstuitbare EU-trein. Daarnaas is die meeste Nederlanders teen die Turkse toetrede, en die EU (en Amerika) is ten gunste daarvan. Nederlanders voel aan dat Turkye geen Europese land is nie; dit was 'n ander belangrike rede vir ons “Nee”. Ek is sterk gekant teen die Turkse toetrede. Turkye is 'n moslemland en

dit was altyd deel van Klein-Asië. Die Turkse volkere strek vanaf Turkye oor Azerbaidjan na Oesbekistan, Kazakhstan en na Sjina. Dit is beter as hulle daarop fokus. Indien Turkye toetree, sal daar 'n derde golf van massa-immigrasie na die ryker Weste van Europa volg, met alle ontwrigtende sosiale en kulturele gevolge. Tewens dink ek dat Europa in 'n nog dieper identiteitskrisis sal verval omdat die begrip ‘Europa’ dan sterk afgewater sal wees: Hoe kan ons nog ander nie-Europese lande – soos Marokko, Algerië en Kazakhstan – uitsluit as ons besluit dat Turkye ewe skielik Europees is? Wat is Europa nog? Dit lyk vir my dat die Europese burgers dit nog wel kan aanvoel. Die EU dink eerder in terme van nuwe markte en groei. Ek voorspel tewens 'n ineenstorting van Turkye as dit die vereiste EU-wette implementeer. Hierdie wette vereis dat die sterk sekulêre Turkse weermag sy stabiliserende greep op die land se bestuur los en dat daar meer demokrasie ingevoer word. Die Moslem Broederskap sal d.m.v. demokratiese reëls nog meer mag verkry en die Koerde in die Ooste sal probeer om onafhanklikheid te kry. 'n Toetrede is sleg vir Turkye, maar ook vir Europa en vir die hele Midde-Ooste. Ek dink Europa moet sy grense leer herken en waardeer, ongeag wat die pro-Turkse Amerika of die groot olie- en gasbaronne in die Midde-Ooste sê.

Ek merk die terme “culturele defaultisme” en “weg met ons” mentaliteit in jou geskrifte. Kan jy verduidelik wat jy daarmee bedoel?

Ek bedoel met “cultureel defaultisme” die gemaksugtige gedagtes wat die meeste Nederlanders het as hulle op die internasionale vlak moet opereer, hetsy binne of buite Nederland. Hulle dink dat die Nederlandse taal te onbeduidend is om te bemark. Ons universiteite wil Engels as voertaal instel tydens die meestersgraadfase net sodat hulle buitelandse studente kan aantrek. Nou gebeur dit dat 'n Nederlandstalige dosent veertien Nederlandstalige studente in Engels onderrig. Dieselfde gebeur by groter maatskappye in Nederland. Omdat daar een of twee Amerikaners op die werkvloer is, is die voertaal Engels. Ek ken talle buitelandse jongmense wat sê dit is jammer dat hulle nie eers meer die noodsaak voel om Nederlands te leer nie; almal neem outomaties aan dat buitelanders in hul eie internasionale kokon wil leef en dat ons hulle nie moet belas met ons

eie kultuur nie. Ek dink juis dat internasionalisering beteken dat jy uitwissel; dat jy vir ander nasies wys hoe mooi jou taal en kultuur is. Die Nederlandse mentaliteit verklaar ook die beleid dat buitelanders in die sewentiger- en tagtigerjare nie eens Nederlands hoef te geleer het nie. Dit het rampspoedige gevolge vir hulle en hul kinders gehad, want hulle het hier gevestig en wou nie meer weggaan nie. Sommige inheemse Nederlanders het selfs voorgestel dat ons maar liewer Turks of Marokkaans moet leer. Hierdie houding ten opsigte van jou eie taal skaar ek onder die “weg-met-ons-mentaliteit”: die wêreld verander en word internasionaler, daarom is dit beter as ons liewer ontslae raak van ons hinderlike taal en kultuur. Sedert Pim Fortuyn se opkoms is hierdie mentaliteit egter besig om invloed te verloor.

In sy onlangse boek, *Terwyl Europa Sliep, voer Bruce Bawer aan dat Europa besig is om kulturele selfmoord te pleeg deur immigrasie en demografiese patrone. Wat is jou mening?*

“Ons sal Frankryk inneem deur die baarmoeders van ons vrouens”, het die gewese Algerynse president Houari Boumédiène verklaar. Dit is waar dat Islam ’n baie ekspansiewe religie is. Moslem-emigrante na die Weste (“bannelinge”, so sê Mohammed) bevind hulle nou in die sogenaamde Lande van Oorlog (Dar-al-Harb). Volgens hierdie beskouing is almal – dus ook die non-moslem Europeërs of die “inheemse in die Dar-al-Harb” - eintlik moslems, selfs al besef hulle (die gashere) dit nog nie. Moslems glo dat hulle ’n duidelike opdrag het om non-moslems tot Islam te bekeer en die Westerse kultuur-politieke omstandighede te verander om hulle geloof te pas. Die meeste moslems geniet die voordele van Europa, hulle geniet die welvaart, die goeie sosiale voorsiening en infrastruktuur, die geleenthede wat hulle kry. Die meeste moslems wil ook ’n gelukkige lewe met ’n groot gesin hê. Dit dui daarop dat Islam in Europa hier is om te bly. Moslems in die vreemde vertoon sterk konserwatiewe neigings en moslems kry baie meer kinders as inheemse Nederlanders. Dit is ’n massiewe probleem: Ons weet almal hoeveel eeue dit geneem het voordat die Joodse gemeenskap in Nederland aanvaar was deur die nie-Jode, en andersom. Ten spyte van die naïewe geloof in menslike verdraagsaamheid en smeltkroesideale word daar nou al hoe meer besef dat mense nou

maar eenmaal groepdiere met identiteite en kollektiewe gevoelens is. Ek dink daar gaan baie sosiale en kulturele teëspoed in die toekoms plaasvind. Die massa-immigrasie wat tans nog voortduur, is ’n historiese vergissing wat die toekomstige generasies ons baie sal verkwalik.

Daar is meer in die lewe as materialisme en blink karre en sport.

Uiteraard wil nóg ware Afrikaners nóg ware Nederlanders/Vlaminge sien dat ons kultuur verdwyn. Watter strategie stel jy voor vir die behoud en bevordering van ons kultuur en identiteit?

Lééf jou identiteit. Raak aktief in kultuurorganisasies en/of gee hulle geld. Jy hoef nie ’n politikus of ’n beroemde te wees om jou eie kultuur te behou nie. Hou byvoorbeeld gereeld ’n aandete vir jou vriende waarby jy tradisionele kos maak, met tradisionele musiek op die CD-speler. Ondersteun plaaslike musiekverenigings, reël konserte ten bate van verdienstelike organisasies, kom saam en reël geleenthede, maak ’n bohaai by jou werk of organiseer gesamentlike verset as jy sien jou taal word afgeskaal, skryf briewe na koerante, skep webwerwe, hou lesings, trek besigheidsmense aan na jou kultuurverenigings, ens. Daar is meer in die lewe as materialisme en blink karre en sport. Ek glo dus meer in die kleinskalige benadering en in die navolging van jou eie idees; dus om met jouself te begin. Politieke partye is te vlugtig en te koersagtig. Hulle skiet tekort aan introspeksie en bedaarheid, net soos die elektoraat ook daaraan tekort skiet. Die elektoraat raak gou moeg van jou gesig en dit verweg wonder-oplosings van jou. Massas is prikkelbaar en onstabiel. Gaan asseblief net aan met wat jy dink is goed: Moenie laat enigiemand jou agenda bepaal nie. Dit klink nou alles baie ontmoedigend, maar so voel ek daarvoor. Gaan net voort en lééf jou kultuur, en wys dit vir jou kinders, bure en vriende. Ek dink dit is waarom Orania so suksesvol is en gedurig ’n boodskap in die wêreld instuur, net omdat Orania is wat hy is.

Identiteitspolitiek: probleem of geleentheid?

“Het Suid-Afrika ook die einde van sy geskiedenis bereik?” vra Johann Rossouw, uitvoerende beampte van die FAK, à la Francis Fukuyama, in ‘n referaat tydens ‘n onlangse konferensie oor identiteitspolitiek in Orania. Rossouw beantwoord die vraag self en sê: “Die feit dat die huidige maghebbers met groot selfversekerdheid en onverbiddelikheid die huidige vorm van Suid-Afrika as die logiese eindpunt van Suid-Afrika se geskiedenis voorhou, beteken nie dat hulle op hulle woord geneem hoef te word nie”.



Frans de Klerk

Ons hoef dus nie bloot te aanvaar dat die Suid-Afrika wat tans besig is om sy beslag te kry die finale hoofstuk in hierdie land se politieke geskiedenis is nie.

Hy voer verder aan dat die begrip “Suid-Afrika” soos ons dit vandag ken, die afgelope 150 jaar verskeie permutasies beleef het. “Vanaf die twee Britse kolonies met die twee Boererepublieke in die tweede helfte van die negentiende eeu, na die Unie van Suid-Afrika in 1910, na die Republiek van Suid-Afrika in 1961 met etlike sogenaamde nasionale state en tuislande, na die geïntegreerde eenheidstaat onder meerderheidsregering wat in 1994 ontstaan het.”

Ons hoef dus nie bloot te aanvaar dat die Suid-Afrika wat tans besig is om sy beslag te kry die finale hoofstuk in hierdie land se politieke geskiedenis is nie. Dit is vir ons moontlik om ‘n Suid-Afrika met ‘n ander politieke ideaal as die heersende een te bedink.

Dat daar deesdae groeiende ongemak en ontnugtering is met die politieke bedeling wat na 1994 in werking getree het, is algemeen bekend. Sobyvoorbeeld skryf Tim du Plessis in Rapport van 19 Augustus 2007: “Die bouwerk aan die demokrasie en ‘n nuwe, gedeelde land was toe nie die verheffende en

wedersyds inspirerende missie wat ons in 1994 gegoel het dit sou wees nie. Dis merendeels frustrerend, onpeilbaar en sweterig”.

Flip Buys, die uitvoerende hoof van die vakbond Solidariteit, is selfs meer uitgesproke wanneer hy sê: “Die ANC het die 1994-ooreenkoms verbreek. Die droom van 1994 is vir verreweg die meeste Afrikaners verby. Die euforie van ‘n nuwe begin in ‘n nuwe demokrasie onder ‘n ikoniese leier is vervang deur ‘n gevoel van ontnugtering met die nuwe bedeling.” (Rapport 18 Februarie 2007)

Dit is daarom nie vreemd dat daar die afgelope tyd verskeie konferensies en gesprekke plaasgevind het waar herbesinning oor die politieke ontwikkeling van Suid-Afrika hoog op die agenda was nie. Benewens die konferensie in Augustus 2007 in Orania, met die tema: “Identiteitspolitiek: Probleem of geleentheid?”, het *Die Burger* gedurende Julie 2007 die Dakargangers van 1987 byeengebring vir ‘n gesprek en Breyten Breytenbach het onlangs ‘n konferensie gereël

op die Goree-eiland in Senegal waaraan verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaners deelgeneem het.

In die laat negentigerjare het die destydse Groep van 63 gesê dat Suid-Afrika 'n "opvolgskikking" nodig het. Die grondwet van 1994 met sy klem op individuele regte en meerderheidsregering laat nie genoeg ruimte vir die erkenning en ontwikkeling van Suid-Afrika se kulturele verskeidenheid nie. Ook nie vir die beskerming van minderhede in hul onmag teen die diktatuur van die meerderheid nie. Die gevolg hiervan is tans 'n politieke omgewing met slegs een dominante diskoers: transformasie.

In die lig hiervan het die Orania Beweging besluit om die politieke gesprek te verbreed en 'n konferensie oor identiteitspolitiek in Orania aangebied. Die konferensie het drie primêre doelwitte gehad wat dan ook in drie sessies behandel is. Eerstens was die doel om te kyk na die stand van identiteitspolitiek in Suid-Afrika en die vraag is gevra of "'n Suid-Afrika van selfrespekterende gemeenskappe moontlik is?". Bydraers tot die gesprek was dr. Mongezi Guma, voorsitter van die artikel 185-kommissie, dr. Willa Boezak en dr. William Langeveldt, kommissaris van die artikel 185-kommissie, en mnr. Johann Rossouw.

Verskeie opwindende gedagtes het in die referate en bespreking na vore gekom. In sy referaat getiteld "Die Khoe-San: Kultuur, geloof en toekomst" het dr. Willa Boezak die mening uitgespreek dat die "identiteitsvraag van kardinale belang" vir die Khoe-San is "omdat die sterk Westerse invloed sedert die koloniale en postkoloniale tydperke nie weggeredeneer kan word nie". Daarom leun die Khoe-San swaar op artikel 31 van die Grondwet wat lui: "Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontnem word om met ander lede van daardie gemeenskap hul kultuur te geniet, godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie".

Dr. Boezak se standpunt stem in baie opsigte ooreen met die van Mary Jansen, voorsitter van die Khoe-San Indigenous Women in Action, wanneer sy in 'n brief aan Rapport (5 Augustus 2007) verklaar: "Dit het tyd geword dat ons demokratiese regering reg laat geskied en die probleem begin takel deur die inheemse gemeenskappe se Khoe- en San-identiteite te erken".

Die tweede doelwit van die konferensie was om die aangeleentheid van identiteitspolitiek vanuit 'n internasionale hoek te beskou. Die deelnemers aan

hierdie sessie was mnr. Johan Deckmyn, 'n Vlaamse Parlements lid, en mnr. Marcel Bas, 'n taalkaktivis uit Nederland. Deckmyn verwys na Wes-Europa wat sedert die sestigerjare van die vorige eeu gekonfronteer was met 'n anti-identitêre beweging wat al hoe sterker geword het. Hierdie benadering neem as uitgangspunt die "smeltkroes-filosofie" of 'n "weg met ons-filosofie" en "de ideale mens is rasloos, geslachtloos en universeel inwisselbaar geworden...".

Maar "dit ideaalbeeld botste mettertyd met die realiteit". Veral die opkoms van Islam bring "in Europa langzamerhand een keerpunt op godsdienstig/cultureel vlak". Die Vlaminge se identiteitsvraagstuk word nog verder bemoeilik deur hulle ongelike posisie ten opsigte van die Franssprekendes in België en hulle word "gekonfronteerd met de nood tot het verdedigen van de eigen identiteit."

Volgens Marcel Bas bevind Europa hom ook in 'n "identiteits- en geloofskrisis". Dit word duidelik raakgesien deur 'n groeiende aantal nuwe intellektuele wat besef dat "die identiteitskrisis waarin ons ons nou bevind ernstige gevolge kan hê vir 'n vreedsame samelewing". Weens verskeie gebeure wêreldwyd, (soos byvoorbeeld die opkoms en sluipmoord van die politieke populis Pim Fortuyn in Nederland en die aanslae op die World Trade Centre in New York), "sien ons dat identiteitspolitiek 'n groot hupstoot gekry het".

Bas sluit sy referaat op 'n positiewe noot af: "Dit lyk egter of ons (Nederlanders) ons identiteit herontdek, en dat ons dit geniet. Ek dink dit is dan ook nou die tyd vir Afrikaners om hulle identiteitskwessie aan Nederland voor te lê. Ons moet die yster smee terwyl dit warm is".

Die grondwet van 1994 met sy klem op individuele regte en meerderheidsregering laat nie genoeg ruimte vir die erkenning en ontwikkeling van Suid-Afrika se kulturele verskeidenheid nie.

Met die derde sessie is daar gekyk na die aangeleenthede van "Afrikaneridentiteit, Orania en die politieke werklikhede van Suid-Afrika". Die inleiers was mnr. Carel Boshoff iv, nuutverkose president van die Orania Beweging, dr. Manie Opperman, burgemeester van Orania en prof. Danie Goosen, voorsitter van die FAK.

In 'n boeiende referaat het prof. Danie Goosen die verhouding tussen Afrikaners en die staat behandel. Hy vra ondermeer: "Hoe word kulturele gemeenskappe beliggaam?" Hy beantwoord die vraag deur te sê dat kulturele gemeenskappe hulself beliggaam deur instellings: "Sonder die lyflikheid wat instellings aan kulturele gemeenskappe verleen, is hulle soos idees wat in 'n pure geestelike ruimte bestaan, maar waarvandaan geen werklike invloed op die geskiedenis kan uitgaan nie." En dan verder: "Vanuit die oogpunt van kulturele gemeenskappe is ook die staat 'n belangrike instelling."

Goosen is van mening dat Afrikaners hulself moet beroep op die gedagte van selfstandigheid om te "kompenseer vir die verlies aan staatlke beligaming waaronder hulle tans gebuk gaan." Dit is in hierdie verband dat hy die moontlikheid van dorps- of stadstigting noem: "Het dit nie tyd geword dat die Afrikaners op 'n kollektiewe grondslag ernstige oorweging gee aan die moontlikheid om binne die bestaande grondwetlike bedeling dorps- en stedelike ruimtes te skep waarbinne hulle op 'n selfstandige

wyse inhoud aan 'n gedeelde lewe kan gee nie? Stede word vandag opnuut ervaar as ruimtes waarbinne gemeenskappe op 'n demokratiese grondslag kontinuïteit aan hulself kan gee. As dit elders kan gebeur, waarom nie ook onder Afrikaners nie?"

Carel Boshoff iv raak in sy referaat die aangeleentheid van die herkonseptualisering van Orania aan. Hy voer aan dat Orania nie daarin geslaag het om die verbeelding van baie Afrikaners aan te gryp om by die opbou van 'n nuwe staat betrokke te raak nie. Hy verklaar dit aan die hand van die Afrikaner van die twintigste eeu wat nie in die nuwe eeu weer kon opstaan nie en waarvoor die "volkstaat-medisyne" nie gewerk het nie.

Hy voer verder aan dat net soos die negentiende-eeuse Afrikaner (die eerste Afrikaner) eintlik iets heel anders as die twintigste-eeuse Afrikaner (die tweede Afrikaner) was, so volg die derde Afrikaner op die tweede en hoef nie deur sy ondergang gevang gehou te word nie.

Hy sê verder: "... selfs al was dit by die loodsing van die huidige Orania haar oprigters se doel om, grootliks onbedag, die tweede Afrikaner te red, sou dit nie moontlik wees om aan die hand van 'n ander vertolking van ons geskiedenis en omstandighede 'n ander doel en aanslag toe te eien nie? Teen hierdie agtergrond behoort dit duidelik te wees wat ek bedoel as ek sê dat Orania as gegewe grootheid nie gemeet kan word in die mate waartoe sy die tweede Afrikaner van ondergang gered het nie, maar in die mate waartoe sy besig is om 'n simboliese orde te help skep aan die hand waarvan die derde Afrikaner die geskiedenis kan betree."

Die konferensie in Orania het nie gepoog om die finale oplossing vir die Afrikaner en Suid-Afrika se uiteenlopende probleme te gee nie. Die doel was eerder om 'n belangrike aangeleentheid op die nasionale politieke agenda te plaas en nuwe idees deel van die openbare gesprek te maak. Uit die wye blootstelling wat die geleentheid geniet het, die deelname en bywoning van 'n wye verskeidenheid mense en die gehalte van die referate wat gelewer was, het die konferensie sonder twyfel in sy doel geslaag.

Frans de Klerk

Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging

"Vanuit die oogpunt van kulturele gemeenskappe is ook die staat 'n belangrike instelling."